

WOORDELYS – SELLULÊRE RESPIRASIE

TERM	VERDUIDELIKING
Anaërobiese respirasie	Tipe sellulêre respirasie wat in die afwesigheid van suurstof plaasvind
ATP	Die algemene energiedraer in die selle van lewende organismes; die chemiese energie wat onmiddelik vir selaktiwiteite benodig word, word deur die molekule voorsien
Fermentasie	'n Soort anaërobiese respirasie wat in gisselle plaasvind
Glikolise	Die anaërobiese fase van sellulêre respirasie wat in die sitoplasma plaasvind
Glukose	'n Molekule wat tydens sellulêre respirasie afgebreek word om energie aan 'n lewende sel te voorsien
Helder kalkwater	Die middel wat gebruik word om vir die aanwesigheid van koolstofdioksied te toets
Katabolisme	Die term wat na al die biochemiese prosesse in 'n lewende organisme verwys waar stowwe afgebreek word
Melksuur	Die suur wat gedurende strawwe oefeninge tydens anaërobiese respirasie in spiere ophoop
Mitochondrium	Die selorganel waarin ATP geproduseer word tydens sellulêre respirasie
Sellulêre respirasie	Die proses waartydens chemiese potensiële energie na energie omgeskakel word wat al die noodsaaklike prosesse in organismes in stand hou; die geleidelike vrystelling van energie vanuit brandstofmolekules in selle en die omskakeling daarvan na energie - ATP

